

KOSTEKNYPTANG
AKKERBOU BLINK UIT
IN DRUKKOKERMARK

THOKO DIDIZA
STEEK OLYFTAK
UIT NA BOERE

DROOGTE
NAMIBIË
OP SY KNIEË

EERSTE LESOTHO-
BOKHAARVEILING IN
15 MAANDE VERRAS



N^o 2128 | 25 Oktober 2019 landbou.com
RSA R28,00 (BTW ingesluit) Namibië N\$30,50

Landbou

weekblad

100 JAAR

GRONDOPLOSSING: Bl. 32

**DAAR'S PLEK
VIR EIE PLANNE
VIR BETER SA
+ bespreek nou!**

**Kans op goeie
somerreën
lyk steeds
belowend**

PRESISIEWENRESE

**Binne net 4 jaar
Moerkweker
van die Jaar**

2,3M. HA BEWAAR

**KAROOROERE
TOT AASVOËLS
SE REDDING**

NUWE WYNDRIUWE INGEVOER.

**Droogtebestande
Griekse kultivar tuis
op Stellenbosch**

BOER SKRYF.

**Belasting betaal
is goed vir
jou plaas**

NAMIBIË

**Dosyne
stoeterye
op min grond
gee fris wins**

SPESIAAL

- SUIWEL
 - WIELE
 - LANDBOU IN NOORDWES
 - TV-REEKS
- ONS KUIER BY
HOPPIES UYS**



Boere gee bewaringsprojek vlerke

Kransaasvoëls teruggelok Karoo toe



In 'n inisiatief wat vergelyk kan word met die oorgrenspark-sukses tussen Suid-Afrika en Mosambiek is 400 boere betrek by 'n poging om die bedreigde kransaasvoël te hervestig.



'nKransaasvoël in vlug (BO) en van naderby. Dié voëls was voorheen algemeen in die Karoo, maar is nou vanweë onder meer landboupraktjke en kraglyne erg bedreig. FOTO: GRANT ATKINSON

LIGGING

LIGGING:
Graaff-Reinet,
Oos-Kaap

KORTOM

- 'n Grondgebied van 2,3 miljoen ha word betrek in 'n poging om die bedreigde kransaasvoel in die Karoo te hervestig.
- Die samewerking tussen boere en bewaringslui word as geskiedkundig bestempel, en meer as 400 boere in die gebied word betrek.



gingsmetodes is dinge wat boere self kan doen, soos om 'n paal in 'n sementdam te plaas.”

OP RAND VAN UITSTERWING

Die Karoo-VSZ is in September vanjaar van stapel gestuur met die doel om die bedreigde kransaasvoël (*Gyps coprotheres*) terug te lok na die Karoo.

Deesdae word kransaasvoëls net nou en dan in die Karoo gesien, maar name soos Aasvoëlkrantz en Aasvoëlberg, saam met historiese rekords en oorvertellings bevestig dat groot kolonies van dié voëls wel daar voorgekom het.

Volgens die internasionale unie vir die bewaring van die natuur (IUCN) het die kransaasvoëlbevolking die afgelope 15 jaar tot 20 jaar met 50% gedaal, wat die spesie op die rand van uitsterwing bring. Hulle word as “wêreldwyd bedreig” in die IUCN se rooidataboek aangedui, en daar is minder as 4 500 broeipare in Suider-Afrika oor.

Die kransaasvoël is die enigste endemiese aasvoëlspesie in Suider-Afrika, met die laaste oorblywende nesmaakplekke in Suid-Afrika, Lesotho en Botswana. In Suid-Afrika kom hulle meestal in die oostelike dele van die Oos-Kaap, in die Drakensberge in KwaZulu-Natal en in Mpumalanga en Limpopo, en in die Magaliesberg voor.

VONK BEGIN BY BOERE

Wagner sê 'n groep boere en grondeienaars in die Camdeboo-bewaringsgebied het in 2016 die eerste keer bymekaar gekom, vasbeslote om iets aan die kwynende kransaasvoëlbevolking te doen. “Ons benadering is dat die vorige geslag die aasvoëls vernietig het, en ons generasiemoet dit terugbring en die grondslag lê

in een van die grootste bewaringsinisiatiewe nóg het 'n groep boere die vonk en dryfkrag verskaf vir 'n projek om die bedreigde kransaasvoël na die Karoo terug te lok.

Die stigting van 'n veilige sone vir aasvoëls in die Groot-Karoo (VSZ) is 'n reuse-spanpoging tussen grondeienaars en Karoo-boere, Sanparke, die Bergsebra-Camdeboo-bewaringsomgewing, die trust vir bedreigde natuurlewe (EWI) en ereveldwagters van Sanparke. Dit sluit 'n gebied van 23 000 km² in, waaronder drie nasionale parke – die Karoo-, Camdeboo- en Bergsebrapark, en strek van Beaufort-Wes tot by Cradock, Graaff-Reinet en Middelburg.

Volgens mnr. Willem Wagener van die plaas Toorberg by Graaff-Reinet is die langtermyn-doel van die projek, waarby 90% van die grond ter sprake in private besit is, om die kransaasvoël weersy historiese plek in die Groot-Karoo te laat volstaan en die bevolking te herstel deur deurslaggewende beskermde gebiede met me-

kaar te verbind. Wagner is 'n Romagnola-teler, oudvoorsitter van dié beestelersvereniging en bewaringsgesinde boer.

“Sowat 400 boere, wildtelers en private reserwate sal in die eerste fase bedreigings identifiseer. Twee mense is reeds aangestel – een wat werk in die rigting van Beaufort-Wes en een aan Graaff-Reinet se kant – om elke plaas te besoek.”


Me. Ronelle Visagie is tans EWT-projek-koördineerder van die Platberg-Karoo-voëlprojek. Sy en me. Danielle du Toit van Graaff-Reinet sal binnekort met die plaas-besoek begin.

Wagner sê een van die voordele is dat boere hulle nou kan herposisioneer as bewaarders. “Ons is in 'n gunstige posisie, bly op die regte plek en is deel van verreweg die grootste ekosisteme in Suid-Afrika. Die bevolking is yl en die natuur nog taamlik beskermd.”

Bedreigings soos oop sementdamme en kragrade sal in die tweede fase aandag kry. “Ons het die deelname van boere. Die beveili-



'n Trop wkrugaasvoëls vreet aan 'n karkas in die Krugerwildtuin. FOTO: GARETH TATE



Vom tleede van die projek om 'n veilige sone vir aasvoëls in die Karoo te skep, is, van links, mnr. Co Bus Theron, programbestuurder van droëlandbewarening by die EWT, me. Maryke Stern, omgewingskoloog, me. Lutzahn en mnr. Willem Wagener, Romagnola-beestelers in die Kamdeboo-bewarema en dryfkrag van die projek, en dr. Gareth Tate, programbestuurder van die EWT. FOTO: VRSKAR



Sanparle-vertreter oordigers wat een van die vergaderings op Graaff-Reinet bygewoon het, is van links, mnr. Mzwandile Mjadu, parkbestuurder van die Kamdeboo Nasionale Park, Risaan Nel van die Karoo Nasionale Park, James Maasman van die Kamdeboo Nasionale Park, en me. Fajrus Ludick, streekommonikasiebestuurder van die Addo-wildtuin Nasionale Park, en Kaylin Olders, ook van dié park. FOTO: VRSKAR



Dr. Gareth Tate hou 'n breëkoparend vas waarop 'n GPS-opspoor toestel aangebring is voordat dit naby De Aar losgelat is. Die voël is deel van die Karoo-breëkoparendprojek, no 'n nuwe projek van die EWT in die Karoo.

WAT BEHELS 'N VEILIGE SONE?

'n Aasvoëlvreëligheid sone is 'n geografiese gebied van gepaste grootte waarin spesifieke bewaringsmaatreëls onderneem word om die sleutelbedreigings vir die teenwoordige aasvoëlspees te verminder. Veilige sones word in Suid-Afrika ontwikkel as 'n benadering om nasionale en internasionale pogings aan te vul om die impak van bestaande en oortollende bedreigings te verminder en om bestaande aasvoëlskolonies te stabiliseer en hul herstel te bevorder.

Die belofte van die Karoo-aasvoëlvreëligheidsone sluit boere en grondeienaars in wat daartoe verbind is om te verseker dat:

■ **GF** nie gebruik word in die bekamping en doodmaak van

soogdierpredatore, soos jakkalse en roofkatte, nie.

■ Loodvrye ammunisie gebruik word om wild of vee uit te skot of uit te dun.

■ Alle landboukundige en elektrisiteitsinfrastruktuur in die sone aasvoëlvreëligelik is.

■ Waterreservoirs aangepas is om verdrinking te voorkom.

■ Broekvoëls teen verstoring beskerm word.

■ Alle karkasse wat as aanvullende voedsel by aasvoëloverplekke of -restourante verskaf word, vry van bood en ander middels is.

■ Net sintetiese patroleërs teen uitwendige parasiete by vee en wild gebruik word.

■ Alle aasvoëlvreëligings gemonitor word.

■ Alle aasvoëlvreëliges by die EWT aangemeld word.

vir die bewaringswerk sodat die geslag op skool daaraan toegewys sal wees om hulle te beskerm.

"Die inisiatief het in die Kamdeboo-bewarema van 85 000 ha begin. Later het Laer-Sneeuberg van 60 000 ha bygekam, asook Amandelboog van 60 000 ha, Witmostkloof van 40 000 ha en Asantia Sana van 11 000 ha. In 'n kort tyd is 256 000 ha se ongerepte, veilige weivone na 'n pleidooi spontaan deur boere gewaarborg in die grootste ekostelsel in Suid-Afrika. Dit is 'n stuk grond veel groter as die derde grootste nasionale park in Suid-Afrika," het Wagener gesê.

Die inisiatief het momentum gekry toe 64 boere en grondeienaars in die Bergkwagga-Camdeboo-bewaringsomgewing, wat die omgewings van Graaff-Reinet, Cradock en Middelburg omvat, die kraansasvoëlprojek met groot geesdrif aangepak het.

Me. Maryke Stern, omgewingskoloog van

Bergkwagga-Camdeboo, se: "Ons het baie goeie vennote in die EWT, Sanparke en Sanparke se ereweldwagters." Hulle werk saam aan die Karoo-VSZ, wat deur die EWT se roofvoëlprogram ontwikkel en bedryf word met die doel om aasvoëls natuurlik terug te lok na die Karoo.

Tans is 400 boere, wildtelers en private reserwate betrokke, wat 'n gebied van 2,3 miljoen hektaar verteenwoordig. Jason Myhill van Sanparke se ereweldwagters het 'n sleutelrol gespeel om 'n vennootskap tussen die boere, Sanparke en die EWT te vestig.

Wagener se dit is 'n mylpunt dat grondeienaars en bewaringsgesindes nou ewe geesdrifdig is. "Dit is 'n geskiedkundige gebeurtenis. Almal hier is betrokke om 'n regstelling te maak en die praktyke van 'n vorige geslag om te keer. Vandag is ons nie meer die oorsaak van die ongeluk nie, maar deel van die oplossing."

BELANGRIKE SKOONMAAKDIENS

Dr. Gareth Tate, programbestuurder van die EWT se roofvoëlprojek, se aasvoëls is 'n vlagskipbewaringspesie vir die EWT. Hulle werk reeds sedert die 1970's daarmee.

"Die EWT het aan die spits gestaan van die vestiging van aasvoëlvreëligheidsone as 'n voorkeringstrypping om die beduidende risiko's vir aasvoëls (veral vergiftiging, grondgebruikveranderinge, kragdrade en windplase) te takel. Daar is met boere en grondgebruikers gepraat oor hoe om hul eiendomme te bestuur as ruimtes waar aasvoëls en ander wildleë kan floreer en aasvoëls terug te lok na hul historiese bly- en teelplekke."

Tate se hulle het gemerkte kraansasvoëls uit die Oos-Kaap in Botswana gesien. "Hulle lê baie groot afstande in die somermaande af voordat hulle terugkeer om in hul tuis



BO: 'n Gerehabiliteerde kransaaivoël, deel van VulPro's se program om voëls in aanhouding te laat broei. Die aasvoël se vliegvermoë is verswak.

LINKS: 'n Kransaaivoël wat in 'n kragdraad vasgevlug het en dood is.
FOTO'S: KATE WEBSTER

◀ kolonies van tot 150 pare te broei. Broeityd bereik 'n hoogtepunt in die wintermaande in Suid-Afrika. Die wyfie lê een eier wat albei ouers oor 'n tydperk van 56 dae uitbroei. Die kuiken word vir drie maande in die nes gevoer voor hulle kan vlieg, en die jong voël is vir verskeie maande van albei ouers afhanklik vir kos. Hulle is eers ná vyf tot ses jaar volwasse."

Tate beklemtoon dat boere en grondeienaars uiters belangrik is vir hierdie bewaringspoging. Die Karoo is 'n spesiale plek en is besig om een van die belangrikste bewaringsgebiede in Suid-Afrika te word omdat dit nog groot, ongerepte dele en lae bevolkingsgetalle het.

In baie ander dele van Suid-Afrika word grond vinnig deur verstedeliking, mynbou en die landbou verander, met die gevolg dat daar al minder ongerepte gebiede buite die natuurreservate en beskermde omgewings sal wees.

Hysê kransaaivoëls is hoofsaaklik aasvreters en lewer 'n belangrike skoonmaakdiens aan die omgewing deur karkasse skoon te vreet. Met hul bytende maagsuur kan hulle die patogene organismes in karkasse verteer, wat keer dat siektes na diere en mense versprei.

Buiten die teruglok van aasvoëls na die Karoo kan die Karoo-VSZ as 'n belangrike vrylatingsplek dien vir voëls wat in aanhouding geteel is. "Ons beoog om saam met bestaande projekte vir die teel van voëls in aanhouding reg oor Suid-Afrika te werk. Dit sluit in die behoorlike bestuur en vestiging van aasvoëlvoerplekke of-restourante, wat 'n belangrike rol kan speel om voëls terug te lok na die gebied."

GROOTSTE BEDREIGINGS

Die sleutelbedreigingsvir kransaaivoëls, onder meer kraglyne, windplase en vergiftiging, sal eers getakel moet word voor daar begin kan word met pogings om die voëls terug te lok. Aasvoëls is hoogs beweeglike aasvreters wat dikwels in groot groepe vreet, wat hulle kwesbaar vir vergiftiging maak. 'n Enkele vergiftigde karkas kan honderde voëls doodmaak.

Karkasse word om verskeie redes vergiftig, onder meer deur olifant- en renosterstropers in wildernisgebiede omdat aasvoëls die aanwe-

sigheid van 'n dooie dier aandui en verskaffers aan die mark vir tradisionele Afrika-medisyne glo dat aasvoële spesiale eienskappe oordra.

Dr. Gerhard Verdoorn, hoof van die Grifon-gifinligtingsentrum van die roofdierbestuursforum, sê: "Daar is steeds te veel gevalle van vergiftiging in die Karoo. Jakkalse en rooikatte is die hooftikens van gevalle waar gif nog gebruik word, maar voëls en ander natuurlewe word ook doodgemaak. **Baie boere en grondeienaars gebruik nie meer gif nie. Dit gaan egter 'n reusepoging verg om almal aan boord te kry, waaronder Eskom en die windplase.**

"Die gebruik van gif om natuurlewe dood te maak, is 'n misdaad, maar terwyl olifant- en renosterstropers tereg reuseboetes opgelê word, word diegene wat aasvoëls vergiftig en doodmaak, net liggies oor die vingers getik.

"In Julie vanjaar is 119 aasvoëls (117 witrug-aasvoëls, 1 monnikaasvoël en 1 witkopaasvoël) dood aangetref by die karkas van 'n buffel in die Krugerwildtuin. Stropers het vermoedelik die karkas vergiftig. Soos wat maar al te dikwels gebeur, hoor ons net 'die saak word ondersoek,'" sê Verdoorn.

"Ons doen 'n beroep dat wette oor die gebruik van gifstowwe en die beskerming van aasvoëls herevalueer moet word om hierdie voëls van uitsterwing te red," voeg Tate by. "Ons beleef 'n krisis met aasvoëls in Afrika, tog kan jy, soos ons in KZN gedoen het, by 'n algemene handelaar inloop en vier strooitjies Temik koop, sigbaar uitgestal langs die kasregister."

BEDREIGING DEUR WINDPLASE

In Junie is op *Daily Maverick* berig oor 'n massavergiftiging van aasvoëls in Botswana. Net suid van die Chobe Nasionale Park is twee roofarende en 527 aasvoëls dood aangetref langs die vergiftigde karkasse van olifante, waarvan die tande uitgeknap was. Die gif het 10 krans-, 4 swart-, 17 witkop-, 28 monnik- en 468 witrug-aasvoëls doodgemaak.

EWI, BirdLifeSA en VulPro is van die organisasies wat saam met Eskom werk om voël-vriendelike strukture op te rig. Vir 'n kraglyn om aasvoël-vriendelik te wees, moet dit nie vir

voëls, soos die kransaaivoël met 'n vlerkspan van 2,6 m, moontlik wees om die gaping tussen twee lewende geleiers te oorbrug nie. As 'n aasvoël twee lewende lyne gelyktydig raak, kan die voël dadelik doodgeskok word of permanent beseer raak, en die lyn sal afskop. Roofvoël-beskermers moet ook geïnstalleer word om die lewende komponente te isoleer.

Nog 'n bedreiging vir die kransaaivoël is die vinnige toename in die aantal windplase. "Die Oos-Kaap is as die 'windprovinsie' geïdentifiseer en 'n toenemende aantal ontwikkelaars wil windplase oprig waar die aasvoëls die lugstrome gebruik," sê me. Kate Webster van VulPro. "BirdLife Suid-Afrika het duidelike riglyne gepubliseer wat aandui dat windplasaontwikkelings nie binne 50 km van 'n broeikolonie en binne 30 km van 'n blykolonie moet wees nie, en dat aasvoëls se vlugroetes in ag geneem moet word."

Sy teken tans beswaar aan teen 'n windplasaontwikkeling naby Haga-Haga waar beoog word om 40 turbines nader as 30 km van 'n teelkolonie te installeer.

Hoewel baie Karoo-boere toegewyd aan bewaring is, sal ander ook "bekeer" moet word, meen Verdoorn. "Terselfdertyd moet ons die bestaande kransaaivoëlbevolkings in ander gebiede stabiliseer sodat voëls outomaties daarvandaan na die Karoo sal terugkeer as dié gebied se ekologie in 'n beter toestand is. **Dit gaan 'n gesamentlike, volgehoue verbintenis verg om so baie mense se droom te verwesenlik om die kransaaivoël weer in die Karoo te sien.**"

Die projek is egter die volgende reusestap in bewaring ná die suksesvolle oorgensparkinisiatief, sê Wagener. "Dit gaan oor private eienaars wat hul grond beskikbaar stel en parasiete en siektes op 'n manier bestuur wat nie skadelik vir die omgewing is nie. Dit gaan oor individuele grondeienaars wat die inisiatief neem om natuurvriendelik op te tree." **LBW**

➤ NAVRAE: Mnr. Willem Wagener, e-pos: toorberg.za@gmail.com, 071 353 8000; dr. Gareth Tate, e-pos: gareth@ewt.org.za; dr. Gerhard Verdoorn, web: www.pmfsa.co.za, 082 446 8946; me. Maryke Stern, e-pos: maryke.stern@sanparks.org